higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

(8021003)

13 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 11 bladsye.

128Q1N2413

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STRAFREG
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende stellings verteenwoordig nie ’n vereiste vir die vestiging van ’n gemeenskaplike oogmerk in die konteks van strafregtelike aanspreeklikheid nie?

A Elke deelnemer moet die vereiste opset rakende die misdaad hê.
B Die handelinge van die hoofoortreder moet ’n direkte kousale verband met die handelinge van andere hê.
C Alle deelnemers moet fisiek by die misdaadtoneel teenwoordig wees.
D Alle deelnemers moet van die pleging van die misdaad bewus wees.

1.2 Watter EEN van die volgende is ’n kernaspek vir die vestiging van ’n gemeenskaplike oogmerk in strafregtelike aanspreeklikheid?

A Al die deelnemers moet ten volle van al die kleinste besonderhede van die misdaad bewus wees.
B Blote teenwoordigheid op die misdaadtoneel is voldoende om aanspreeklikheid te vestig.
C Die handelinge van die hoofoortreder moet ’n direkte kousale verband met die handelinge van andere hê.
D Deelnemers moet daarvan bewus wees dat ’n wederregtelike handeling gepleeg word.

1.3 Watter EEN van die volgende word NIE as ’n bron van Suid-Afrikaanse strafreg beskou nie?

A Wetgewing of statute
B Hofuitsprake of regspresedent
C Maatskaplike norme
D Gewoontereg

1.4 Watter EEN van die volgende beskryf die doel van die Suid-Afrikaanse strafreg?

A Om morele norme vir die samelewing te bepaal
B Om sosiale reëls vir die samelewing te bepaal
C Om eenvormige gedrag in die samelewing te verseker
D Om te bepaal watter optrede op misdaad neerkom en hoe oortreders gestraf behoort te word

Kopiereg voorbehou

1.5 Watter EEN van die volgende is nie ’n vereiste vir ’n daad om as ’n misdaad beskou te word nie?

A Die handeling is deur ’n persoon uitgevoer.
B Die handeling was onwettig.
C Die individu wat die daad gepleeg het, het geweet dat dit onwettig was.
D ’n Kontrak het tussen die betrokke partye bestaan.

1.6 Watter EEN van die volgende is NIE ’n eienskap van ’n delik nie?

A Verrigtinge het ten doel om vergoeding vir die beseerde party te bekom.
B ’n Delik het ’n effek op die staat, die beseerde party en algemene publiek.
C Die verrigtinge word deur ’n private individu aan die gang gesit.
D Sodanige verrigtinge staan as siviele handelinge bekend.

1.7 Watter EEN van die volgende is nie ’n rede dat ’n oortreder gestraf word nie?

A Retribusie
B Wraak
C Voorkoming
D Afskrikking

1.8 Watter EEN van die volgende beskryf ‘amptelike hoedanigheid’ as ’n regverdigingsgrond die beste?

A ’n Private burger wat op grond van persoonlike morele oortuigings optree.
B ’n Openbare beampte wat ’n onwettige handeling uitvoer maar glo dat dit binne sy/haar bevoegdhede val.
C ’n Individu wat ’n plig of funksie ingevolge die reg uitvoer, en glo dat die handeling wettig is en binne die grense van sy/haar bevoegdheid val.
D ’n Omstander wat ’n misdaad waarneem maar om persoonlike veiligheidsredes nie tussenbeide tree nie.

1.9 Watter EEN van die volgende beskryf die konsep van *mens rea* die beste?

A Die fisieke handeling waarvolgens ’n misdaad gepleeg word.
B Die plek waar ’n misdaad plaasgevind het.
C Die opset of kennis van onregmatigheid as ’n misdaad gepleeg word.
D Die getuienis wat op ’n misdaadtoneel ingesamel word.

1.10 Watter EEN van die volgende beskryf die beginsel van middellike aanspreeklikheid die beste?

A ’n Individu is uitsluitlik verantwoordelik vir hul eie dade, ongeag enige organisatoriese affiliasies.
B Aanspreeklikheid word toegewys op grond van die vlak van opset of nalatigheid van die beskuldigde.
C ’n Werkgewer of prinsipaal kan verantwoordelik gehou word vir die optrede van ’n werknemer of agent wat binne die bestek van hul pligte uitgevoer word.
D Aanspreeklikheid ontstaan eers wanneer ’n individu met kwaadwillige bedoeling optree.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 In die Suid-Afrikaanse strafreg staan die fisieke handeling van misdaadpleging as actus reus bekend.

2.2 In die Suid-Afrikaanse strafreg verwys mens rea na die misdaadtoneel.

2.3 In Suid-Afrika kan 'n persoon aan 'n misdaad skuldig bevind word selfs al het hulle geen opset gehad nie en geen fisieke daad gepleeg nie.

2.4 Die legaliteitsbeginsel in die Suid-Afrikaanse strafreg beteken dat 'n persoon nie vir 'n handeling gestraf kan word nie tensy daardie handeling ten tyde van sy pleging 'n strafbare misdryf was.

2.5 In die Suid-Afrikaanse strafreg kan 'n persoon strafregtelik aanspreeklik wees weens versuim om te handel, selfs indien daar geen regsplig bestaan om dit te doen nie.

2.6 Die legaliteitsbeginsel in die Suid-Afrikaanse strafreg bepaal dat niemand gestraf kan word vir 'n handeling wat nie ten tyde van sy pleging 'n strafbare oortreding was nie.

2.7 Ingevolge die legaliteitsbeginsel moet wette wat misdade definieer duidelik wees en nie oordrewe breed of vaag nie, om te verseker dat burgers die grense van wettige optrede verstaan.

2.8 'n Medepligtige is 'n persoon wat 'n ander persoon help of by hom/haar aansluit om 'n misdaad te pleeg, maar tipies 'n sekondêre of ondergeskikte rol in die pleging daarvan speel.

2.9 In Suid-Afrikaanse strafreg is 'n 'poging' om 'n misdaad te pleeg op sigself nie 'n strafbare misdryf nie, selfs indien die beoogde misdaad nie voltooi is nie.

2.10 Ten einde 'n poging te erken, moet sowel die opset (mens rea) en 'n beduidende stap om die werklike misdaad te pleeg (actus reus) teenwoordig wees.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-O) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Vorige hofuitsprake	A	begunstiger
3.2	Handel oor gedrag en dade wat as misdrywe teen die samelewing, staat of publiek beskou word, selfs al is die onmiddellike slagoffer ’n individu	B	poging om die onmoontlike te doen
		C	voltooide poging
3.3	Redes vir ’n spesifieke straf wat deur ’n geregshof gegee word	D	sameswering
		E	konstitusionele hof
3.4	Dit verseker billikheid, geregtigheid, en die oppergesag van die reg en waarborg dat individue slegs gestraf word vir dade wat die samelewing, deur middel van sy regsprosesse, reeds as strafbaar beskou.	F	strafreg
		G	aanstigting
		H	onderbroke poging
3.5	Die beskuldigde het alles gedoen wat hy of sy beoog het en kon doen om die misdaad te pleeg, maar dit realiseer nie weens faktore buite sy of haar beheer.	I	meedoener
		J	geregtelike jurisdiksie
3.6	’n Persoon probeer om ’n misdaad te pleeg, maar die daad, indien dit voltooi word soos beoog, is nie ’n misdaad nie.	K	regspresedent
		L	legaliteitsbeginsel
3.7	’n Persoon laat vaar uit vrye wil die voorneme om ’n misdaad te pleeg nadat hy verder as voorbereiding gevorder het maar voordat die misdaad gepleeg word.	M	retribusie en afskrikking
		N	middellike aanspreeklikheid
		O	vrywillige onttrekking
3.8	’n Persoon is besig om aktief te probeer om ’n misdaad te pleeg, maar word deur die een of ander eksterne faktor verhoed om die strafregtelike handeling te voltooi.		
3.9	Om iemand anders of ’n groep mense aan te moedig, te ondersteun of op te stook om ’n misdaad te pleeg		
3.10	’n Persoon wat op ’n stadium ná die aanvang daarvan aan die pleging van ’n misdaad deelneem.		

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Plek: ’n Gewilde openbare strand in Kaapstad op ’n sonnige middag. Jane se groep vriende daag haar uit om al haar klere uit te trek en kaal op die strand te hardloop. Gesinne is teenwoordig, insluitend jong kinders, en baie mense staar geskok en ongemaklik na haar. Jane se vriende moedig haar aan en neem die voorval op hul fone af. Ná ’n kort afstand trek Jane weer haar klere aan.

Jane se optrede kan as openbare onsedelikheid beskou word.

Uit die bostaande scenario, identifiseer die elemente wat daartoe sal lei dat haar daad as openbare onsedelikheid beskou word. **[5]**



VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Alex en Ben ontspan in hul woonbuurt. Een aand aanskou hulle ’n gewelddadige aanranding op ’n straathoek. ’n Groep individue slaan ’n persoon aanhoudend, en dit is duidelik dat die slagoffer in nood en onmiddellike gevaar verkeer. Alex en Ben staan op ’n veilige afstand en kyk toe hoe die aanranding afspeel. Hulle het albei selfone en kan maklik die polisie skakel om hulp te ontbied, maar hulle roer nie ’n vinger om tussenbeide te tree of om die voorval aan te meld nie.

5.1 In hierdie scenario het Alex en Ben versuim om op te tree.



Verduidelik onder watter TWEE voorwaardes versuim strafbaar is. (2)

5.2 Gee DRIE ander voorbeelde van situasies waar versuim strafbaar is. (3)

[5]

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae:

Lisa is laat een aand alleen tuis. Skielik bars ’n indringer by haar huis in met die opset om haar te beroof en skade aan te doen. Die indringer is gewapen met ’n mes en nader Lisa op aggressiewe wyse. Lisa vrees vir haar lewe en veiligheid. Sy slaag daarin om ’n vuurwapen in die hande te kry wat sy wetlik besit en vir selfverdedinging gebruik.

Terwyl die indringer nader aan haar beweeg met die mes, vuur Lisa, wat vir haar lewe vrees, ’n skoot met haar vuurwapen af. Die skoot tref die indringer en hy val dood neer.

6.1 Watter regverdigingsgrond kan Lisa in hierdie scenario aanvoer? (1)

6.2 Staaf jou antwoord op VRAAG 6.1 deur TWEE elemente te verduidelik wat met betrekking tot hierdie regverdigingsgrond teenwoordig moet wees. (4)

6.3 Noem DRIE ander regverdigingsgronde en gee EEN voorbeeld van elk. (6)

[11]

VRAAG 7

Bestudeer die volgende scenario’s en beantwoord die onderstaande vrae:

Scenario 1:
John is ’n sleutelgetuie in ’n moordverhoor. Hy het ’n persoonlike vendetta teen die verweerder, Mark. Terwyl hy onder eed in die hof getuig, verskaf John bewustelik vals inligting, naamlik dat hy Mark op die misdaadtoneel gesien het. Hy voer aan dat hy gesien het dat Mark die moordwapen vashou en die toneel verlaat. John was in werklikheid op die dag van die moord nie naby die misdaadtoneel nie en het sy getuienis versin om Mark by die misdaad te betrek. John se onwaar getuienis het ten doel om die uitkoms van die verhoor te beïnvloed en is essensieel in die saak.

Scenario 2:
Emily word deur aanklagte van geldverduistering en finansiële bedrog in die gesig gestaar. Sy is daarvan bewus dat die vervolging se saak grootliks op finansiële rekords en dokumente berus. In ’n poging om die regspleging te belemmer en haar vervolging te dwarsboom, breek Emily by haar voormalige werkgewer se kantoor in waar die finansiële rekords gebêre word. Sy steel tersaaklike dokumente wat as getuienis teen haar gebruik kan word en vernietig dit om inkriminerende getuienis te elimineer.

7.1 Identifiseer die misdade wat in elk van die scenario’s gepleeg is. (2)

7.2 Vergelyk die twee misdade deur na minstens VIER elemente van elke misdaad te verwys. (8)

[10]

VRAAG 8

Bestudeer die volgende scenario's en beantwoord die onderstaande vrae:

Scenario 1:
John moedig in die openbaar 'n groep betogers aan om by 'n staatsgebou in te breek en eiendom te vernietig om hul weerstand teen 'n nuwe beleid uit te druk. John se stellings lei daartoe dat die betogers dade van vandalisme en betreding pleeg, hoewel hy self nie aan die beskadiging van die eiendom deelgeneem het nie.

Scenario 2:
Sara en Mike beplan om saam 'n bank te beroof. Hulle bespreek die besonderhede van die rooftog, skep 'n gedetailleerde plan, en besluit op die rolle wat elkeen tydens die rooftog sal vervul. Hulle word deur die polisie gevange geneem voordat hulle die bank kan beroof.

8.1 Identifiseer die misdaad wat in elk van die scenario's gepleeg is. (2)

8.2 Vergelyk die twee misdade deur na minstens DRIE elemente van elke misdaad te verwys. (6)

[8]

TOTAAL AFDELING B: 39

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die volgende scenario's en beantwoord die onderstaande vrae:

Scenario 1:
Pule merk op dat Sipho sy rugsak onbewaak op 'n bank gelaat het terwyl hy gaan stap. Pule beskou dit as 'n geleentheid. Hy gaan saggies nader aan die bank, neem die rugsak, en stap weg sonder dat enigiemand iets opmerk.

In hierdie scenario kom Pule se daad op diefstal neer. Diefstal is die onwettige inbesitneming van iemand anders se eiendom met die opset om die eienaar daarvan permanent daarvan te ontneem. In hierdie geval het Pule die rugsak sonder toestemming geneem en die opset gehad om dit te behou.

Scenario 2:
Sarah het in die park gaan stap. Alex nader haar en dreig haar met 'n mes. Alex eis dat Sarah haar beursie en slimfoon oorhandig, en hy dreig om haar seer te maak as sy nie gehoorsaam nie. Sarah vrees vir haar veiligheid en oorhandig onmiddellik haar besittings aan Alex.

In hierdie scenario kom Alex se daad op roof neer. Roof behels die gebruik van geweld, intimidasie of dreigemente om iemand anders se eiendom regstreeks van hul liggaam of onmiddellike teenwoordigheid te neem. In die geval het Alex die dreigement van geweld gebruik (deur die mes te vertoon) om Sarah te verplig om haar beursie en slimfoon prys te gee.

9.1 Identifiseer die misdaad wat in elk van die scenario's gepleeg is. (2)

9.2 Staaf jou antwoord in VRAAG 9.1 deur die definisies van die misdade wat jy geïdentifiseer het, te vergelyk. (8)
[10]

☆

VRAAG 10

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.



☆

By haar vriend se verjaarsdagpartytjie het Jess agt alkoholiese drankies en 10 sopies Jägermeister gedrink. Om 23:00 het sy uit die huis geslinger en in die bestuurdersitplek van haar motor geklim wat in ’n parkeerplek langs die straat geparkeer was. Sy het nie besef dat al vier bande van haar motor gesteel is en dat die motor op bakstene gestaan het nie. Sy het die motor aangeskakel om te ry, maar het bo-oor die stuurwiel aan die slaap geraak terwyl die enjin geluier het.

10.1 Identifiseer die statutêre oortreding wat Jess gepleeg het. (1)

10.2 Staaf jou antwoord deur na die volgende elemente te verwys:

10.2.1 Sit in die bestuurdersitplek van ’n voertuig terwyl die enjin loop (3)

10.2.2 Openbare pad (4)

10.2.3 Bewys dat Jess onder die invloed van drank of dwelms was terwyl sy bestuur het. (2)
[10]

☆

VRAAG 11

Lees die volgende scenario en beantwoord die onderstaande vrae:

’n Bank is in Bela-Bela beroof.

Siswe en Joseph het die bankroof beplan, wapens bymekaargemaak, en die bank betree met die opset om geld te steel. In die bank het hulle hul wapens gebruik om die bankwerknemers te dwing om aan hul eise te voldoen. Hulle het die geld uit die tellers se laaie geneem en die bank verlaat.

Mark is Siswe en Joseph se vriend. Mark was bewus van hul planne en het hulle aktief bygestaan met die voorbereiding en uitvoering van die rooftog. Mark het Siswe en Joseph gehelp om wapens te bekom en het ’n wegkomvoertuig verskaf.

Sarah ken nie vir Siswe en Joseph nie, maar was toevallig naby toe die roof begin het. Sy het besluit om by hulle aan te sluit en Siswe en Joseph met die roof te help deur die uitgange te versper, op die bankpersoneel en kliënte te skreeu, en chaos in die bank te veroorsaak.

Siswe se meisie, Jenny, het eers van die bankroof bewus geword nadat dit plaasgevind het, maar het besluit om Siswe te help om gevangeneming te ontduik. In plaas daarvan om die misdaad by die polisie aan te meld, het Jenny vir Siswe ’n wegkruipplek aangebied.

Identifiseer die volgende deelnemers en staaf met verwysing na gemeenskaplike oogmerk, waar nodig.

11.1 Oortreder(s) (3)

11.2 Meedoener (3)

11.3 Medepligtige (2)

11.4 Begunstiger (3)

[11]

TOTAAL AFDELING C: 31
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou